**Bykomendeformaatsertifikate**

Dit is die Universiteit Stellenbosch (US) se beleid om nie sertifikate wat verlore raak of onopspoorbaar is, opnuut uit te reik nie. Daarom raai ons jou aan om jou kortkursussertifikate op 'n veilige en beveiligde plek te bewaar.

As jy 'n sertifikaat in 'n bykomende formaat wil aanvra, moet jy dit skriftelik by die Afdeling Kortkursusse versoek. Let asseblief op dat bykomendeformaatsertifikate 'n heffing van R400 behels. Dit mag verdere koste inhou as ons gedrukte sertifikate via die posdiens of per versekerde koerier moet verskaf. Afleweringskoste is nie op digitale sertifikate van toepassing nie.

Die doel van 'n bykomendeformaatsertifikaat is om die formaat van jou oorspronklike sertifikaat in 'n ander formaat te omskep, byvoorbeeld van papier- na digitale formaat of van digitale na papierformaat.

**Let asseblief op:**

1. Ons reik sertifikate uit in die naam van die deelnemer soos dit was toe die persoon die kortkursus bygewoon en afgehandel het. Ons reik nie bykomende sertifikate uit om 'n **naamsverandering te akkommodeer** wat plaasgevind het nadat die persoon die kortkursus bygewoon en afgehandel het nie.
2. Ons reik nie bykomendeformaatsertifikate uit vir kortkursusse wat meer as tien jaar gelede bygewoon is nie.
3. Ons verwerk versoeke om 'n sertifikaat uit te reik eers wanneer bewys van betaling van die R400-heffing ontvang is, die US Afdeling Finansies die fondse verwerk het en dit in ons afdeling se kostepunt verskyn.
4. Die koste van 'n bykomendeformaatsertifikaat sluit nie posgeld of koerierkoste in nie – dit is aanvullend betaalbaar waar van toepassing.

**Inligting benodig en verloop van proses**

Stuur asseblief jou skriftelike versoek om 'n **bykomendeformaat**sertifikaat na scc@sun.ac.za en verskaf jou volle name, jou US-nommer, die jaar van bywoning en die kursusnaam.

**Bankrekening vir betaling van vervangingskoste**

**Naam:** Universiteit Stellenbosch
**Bank:** Standard Bank
**Rekeningnommer:** 073006955
**Takkode:** 050610
**Verwysing:** R1074/ADD/volle naam van deelnemer **OF** R1074/ADD/US-deelnemernommer

Stuur die betalingsbewys na scc@sun.ac.za.